



lhethe Jacobs

**Universiteit van die
Vrystaat**



**Afrikaanse literatuur in
transnasionaal perspektief:
Die gesprek tussen “Hebban olla vogala”
en drie Afrikaanse gedigte**




“Hebban olla vogala”

- ▶ De bekende anglist Mr. Kenneth Sisam te Oxford heeft ten behoeve van een door hem te ondernemen uitgaaf een uitvoerig onderzoek ingesteld o. a. naar het Ms. Bodley 340. Bij zijn onderzoek vond hij op het laatste schutblad een losse krabbel, geschreven met een hand uit de tweede helft van de 11de eeuw. Sisam vermoedde n.l., dat de bewuste krabbel Oudnederlands was. Aan de rechterzijde, vrij ver naar beneden, vindt men de volgende Latijnse zin: Abent omnes volucres nidos inceptos nisi ego et tu. En onder deze Latijnse woorden staat: Hebban olla vogala nestas hagunnan hinase hi anda thu.
- ▶ Bron: M. Schönfeld, 'Een Oudnederlandsche zin uit de elfde eeuw (met reproductie).' In: TNTL 52 (1933), p. 1-8.



“Hebban olla vogala”

- ▶ Ons weet vandag dat daar wel 'n Oud-Nederlandse letterkunde was, alhoewel daar tans weinig bewyse hiervan bestaan.
- ▶ Dit is egter bekend dat Kenneth Sisam in 1931, in 'n Bodleian-biblioteek in Oxford, 'n neergekrabbelde frase op die laaste bladsy van 'n handskrif ontdek het.
 - Dié sinnetjie is vermoedelik reeds in die 11de eeu (1050-1075) neergeskryf en is in Oud-Wes-Vlaams.
 - Dit lui as volg: “**Habban olla vogala nestas hagunnan hinase hic endu thu, wat unbidan we nu**” (Alle voëls het neste begin behalwe ek en jy, waarop wag ons nou?).



160

MS. B. 1. 1. 1. 1.

In primo... secundo...

Amp...

Am... qu...

pro... in...

Ob... in...

Sec... in...

Ter... in...

qu... in...

h...

...

...

...



Hebban olla uogala nestas bigunnann hinase hi(c) (e)nda thu



“Hebban olla vogala”


- ▶ Ons het hier moontlik met 'n *probatio pennae* te doen, dit wil sê die skrywer het dit neergeskryf om sy gansveerpen te toets voordat hy met sy eintlike skryfwerk begin het.
- ▶ Oor hoe die Oud-Nederlandse frase geïnterpreteer moet word, is daar egter nie eenstemmigheid nie:
 - Die voor-die-hand-liggendste lesing is waarskynlik dat dit (die begin van) 'n liefdesgedig is.
 - 'n Tweede moontlikheid wat al genoem is, is dat die frase uitdrukking gee aan die neerskywer, waarskynlik 'n monnik, se verlange na sy Vlaamse vaderland (hy was immers in Engeland).
 - In die Middeleeuse godsdienstige teks het die voël egter soms die monnik verbeeld en die nes die abdy.
 - Op grond hiervan is die frase dan ook al geïnterpreteer as 'n uitdrukking van verlange na die geestelike rus van die kloosterlewe.
- ▶ Ohlhoff, C.H.F. 1988. Middel nederlandse Letterkunde. (In Van der Elst, J., Ohlhoff, C.H.F. en Schitte, H.J., reds. *Momente in die Nederlandse letterkunde*. Academica: Pretoria & Kaapstad: 17-130).

FOKKE ENDE SUKKE

HADDEN GEWOON ZIN

HEBBAN OLLA VOGALA
NESTAS HAGGINNAN...

...HINASE HIC
ENDA THU?



RGVT



“HEBBAN OLLA VOGALA” EN DIE AFRIKAANSE POËSIE

- ▶ Daar kan aangevoer word dat die Afrikaanse digkuns byna 900 jaar oud is, omdat Afrikaans uit sewentiende eeuse Nederlandse dialekte ontstaan het en die Middelnederlandse letterkunde, asook die genoemde Oud-Nederlandse frase, dus deel uitmaak van Afrikaans se literêre erfenis. Afrikaans stam uit Nederlands en daarom begin die Afrikaanse digkuns ook met die genoemde frase, wat deur sommiges beskou word as die begin van die eerste gedig in Nederlands (Hugo, 2012).
 - Hugo, Daniel. 2012. Voël, perd en bul: Vertaling en die Afrikaanse digkuns. *Versindaba*. <http://versindaba.co.za/tag/vertaling-afrikaanse-digkuns/>
- ▶ In die Afrikaanse poësie het menige digters al met hierdie Oud-Nederlandse frase in intertekstuele gesprek getree:



“HEBBAN OLLA VOGALA” EN DIE AFRIKAANSE POËSIE

- ▶ Elkeen van die Afrikaanse digters voeg hulle eie interpretasie tot “Hebban olla vogala” toe, maar dit is onteenseglik dat dié frase ’n invloed op die Afrikaanse poësie het. Oor hoe die frase geïnterpreteer moet word, is daar nie eenstemmigheid nie, en in die Afrikaanse poësie word daar telkens deur verskillende digters op die onderskeie moontlike interpretasies van die frase ingespeel.
- ▶ In hierdie referaat word drie voorbeelde van Afrikaanse gedigte wat na hierdie frase verwys, bespreek: D.J. Opperman se “Na ’n besoek aan die dieretuin” (*Negester oor Ninevé*, 1947), “Kanttekeninge van ’n monnik” (*Kontrafak*, 1994) deur Johan Myburg en “Hebban olla vogala” (*Hanekraai*, 2012) deur Daniel Hugo.

Na 'n besoek aan die dieretuin

Hebban olla vogala...

Twee kraaie het hul nes gemaak
van stukkie draad;

en in staalkoue
ver van riete en riviere afgesluit
broei rooivinke en wildepoue
nog hul eiers uit;

in ysterhokke
ver van rantjies en langgras
werp ape en die waterbokke
nog hul kleintjies af;

net in 'n enkelkamer ek en jy
van hulle vreugde afgeskei.

- *D.J. Opperman*



"Na 'n besoek aan die dieretuin" in intertekstuele gesprek met "Hebban olla vogala"

- ▶ In Opperman se gedig word "Hebban olla vogala" as die subtitel van die gedig gebruik.
 - ▶ Indien die inhoud van Opperman se gedig in aanskouing geneem word, word die volgende betekenis van die oorspronklike frase, "Hebban olla vogala", waarskynlik betrek:
 - Die idee dat die frase gaan oor die verlange na 'n "vaderland" en "(geestelike) rus".




"Na 'n besoek aan die dieretuin" in intertekstuele gesprek met "Hebban olla vogala"

- ▶ Opperman se gedig is 'n voorbeeld van 'n Afrikaanse Veertigergedig.
- ▶ Hierdie generasie Afrikaanse digters het onder meer gedig oor die verstedeliking van die Afrikaner en die gepaardgaande armoede en gebrek aan welstand van die mense wat in stede moes gaan woon.

Die (laat dertigerjare en) veertigerjare was 'n historiese tydperk waarin baie Afrikaners weens finansiële probleme hulle plase moes verlaat/verkoop om in die stede te gaan werk (dikwels in fabriek of myne).

Hierdie mense het 'n groot verlange gevoel na die landelike lewe waaraan hulle geïdealiseerde herinneringe van vrede, geluk en rus gekoppel het.



"Na 'n besoek aan die dieretuin" in intertekstuele gesprek met "Hebban olla vogala"

- ▶ Die betekenis van "Hebban olla vogala", wat verband hou met die idee dat die frase moontlik handel oor die verlange na 'n "vaderland" en "(geestelike) rus", word dus betrek tot "Na 'n besoek aan die dieretuin" om die konteks van verstedeliking en die gepaardgaande *verlange* na 'n voorafgaande landelike en *rustige* lewe te beklemtoon.
- ▶ In "Na 'n besoek aan die dieretuin" word die kontras tussen die natuurlike, landelike omgewing en die beperkende, onnatuurlike stedelike bestaan deur etlike metafore geïllustreer.
- ▶ Dit is opvallend dat die diere in die gedig, ten spyte van hulle onnatuurlike omgewing, steeds 'n mate van geluk vind in die feit dat hulle kan aanhou paar en voortbestaan.
- ▶ Die mense in die "enkelkamer" is egter van dié vreugde afgeskei, asook verwyderd van mekaar, as die aparte entiteite "ek en jy", eerder as 'n gesamentlike "ons".




Hebban olla vogala

met my asem wat soos 'n veer is
skryf ek nou my liefde oor jou lyf
jy kry dadelik nesgedagtes
en ek begin tortel soos 'n duif


maar nog voor ek nesmaak kom die hofmaak
ek buig en ek buig voor jou, prinses
my krop swel aan tot 'n doedelsak –
die wêreld krimp tot jou sagte nis

- *Daniel Hugo*



"Hebban olla vogala" deur Daniel Hugo in intertekstuele gesprek met die Oud-Nederlandse "Hebban olla vogala"

- ▶ Daniel Hugo se gedig is 'n liefdesgedig met 'n erotiese ondertoon.
- ▶ Die gebruik van metafore in die gedig sentreer rondom die ekologiese bestaan van voëls.
- ▶ Die voël-metafoor hou intertekstueel verband met die oorspronklike "Hebban olla vogala".
- ▶ Hierdie gedig van Daniel Hugo speel dus in op die voor-die-hand-liggendste lesing van die oorspronklike frase, naamlik dat dit waarskynlik (die begin van) 'n liefdesgedig is:
 - Daniel Hugo se "Hebban olla vogala" kan gelees word as die voortsetting van die oorspronklike frase – juis omdat hierdie frase deur sommige beskou word as die *begin* van 'n liefdesgedig en Daniel Hugo dan hierdie begin as sy gedigtitel gebruik.



"Hebban olla vogala" deur Daniel Hugo in intertekstuele gesprek met die Oud-Nederlandse "Hebban olla vogala"

- Dit is opvallend dat die gedig se openingsreëls nie alleen gesien kan word as die voortsetting van 'n liefdesgedig nie, maar ook as 'n verdere sinspeling op die skryfaksie van die monnik wat die oorspronklike "Habban olla vogala" neergepen het.

*met my asem wat soos 'n veer is
skryf ek nou my liefde oor jou lyf*


- Die spreker stel in die openingsreëls sy asem gelyk aan 'n veer. Dié veer-metafoor roep die konnotasie met voëls op, wat herinner aan die oorspronklike "Hebban olla vogala". Dit wys ook daarop dat die oorspronklike gedig geskryf is met 'n gansveerpen. In die volgende versreël stel die spreker dat hy met sy asem wat soos 'n veer is sy liefde "skryf" oor die aangesprokene se lyf.

Kanttekening van 'n monnik

jeanette



getrou transkribeer hy korrek
elke vokaal op sy plek
elke konsonant haaks in lyn
met al die ander pyn-
lik netjies bang vir ink wat
kan vloei wat kan klad
toets hy sy pen hebban
olla vogala nestas dan
begin hy ontrou droom
bo-oor kloostermuur -boom
na nes dubbelbed kat
en kind transponeer so 'n glos
in sy magnificat

- *Johan Myburg*




“Kanttekening van ’n monnik” in intertekstuele gesprek met “Hebban olla vogala”

- ▶ Johan Myburg se “Kanttekening van ’n monnik” is opgeneem in die bundel *Kontrafak* (1994).
- ▶ Oor laasgenoemde teks skryf Karen de Wet die volgende resensie in die *Literator* (1995):




Die aanvanklike wese van die ars poetica wat Myburg aan die leser toevertrou, is nederig: die digter is monnik met die taak om dit wat hom in God se klooster (die aarde) omring op te teken, te “kopieer”, om daarvoor te dig. Wanneer hy erken dat die wondere wat hy waameem nie volledig en volmaak in die gedig verwoord kan word nie, is dit egter ook ’n opgawe aan die leser om tussen die geskrewe reëls van die poësie na iets meer te gaan soek. So word die lees van die bundel ook ’n soektog na die óngeskrewe, die gesuggereerde, na dit wat nog net intuitiewe vermoede is. Die magiese van hierdie poësie “staan nie geskrywe nie” maar word eers in die betekenis wat die leser medebepaal “sigbaar soos boomtoppe bo oggendmis”.

Waar Myburg sy digterskap aanvanklik as ’n handeling van “kopieer” bestempel het, loop die ontwikkelingsgang van die bundel hand-aan-hand met ’n progressiewe beskouing van die digaktiwiteit. So word die digter later máker, “transkribeer” en “transponeer” (“Kanttekening van ’n monnik”, p. 23) hy die waargenome, laat hy dit ’n “metamorfose” (p. 63) ondergaan tot poësie. Die digter, lid van “die klein kloostericliëk” “pars” en “preserveer” nie nou meer alleenlik nie, maar “brou” kure, máák gedigte (“Medisinaal”, p. 26). So gebeur dit dat ook die religieuse bindingsmiddel word wat onlosmaaklik verbonde bly aan die beskouings oor die digterskap en gedigte. Die digter bly monnik op soek na poësie, op soek na Ewige Lewe, “op soek na die vlugtige Elizir Vitae” (“Medisinaal”, p. 26).



“Kanttekening van 'n monnik" in intertekstuele gesprek met “Hebban olla vogala”

- ▶ Die fokus in “Kanttekening van 'n monnik" val meer op die metapoëtiese.
- ▶ Myburg haal die begin van die Oud-Nederlandse frase in sy gedig aan en sinspeel moontlik daarmee op die aard van hierdie frase as die begin van die Nederlandse (en in 'n sekere sin ook die Afrikaanse) letterkunde.
- ▶ Wat begin as blote “glos” ('n kanttekening gemaak deur die monnik) word deur die verbeelding omskep en getransponeer tot 'n “magnificat”.
- ▶ Laasgenoemde kan moontlik gesien word as 'n pryslied vir die letterkundige teks, wat op amper magiese wyse as eindproduk soveel meer is as die som van die teks se onderdele.



Hebban olla vogala...

(Alle voëls het begin met hulle neste,
behalwe ek en jy, wat wag ons nog?)

wie is jy, eensame monnik,
wat losse gedagtes oor voëls
en hulle wagtende neste
in jou Latynse geskifte neerpen?
wat sien jy deur die vensters van
jou self-opgelegde sel, verlatenheid
wat in die stramheid van die Lente
kloosterkoud om jou hart omvou?
waar sal jou geliefde vandaan kom
as jy vasgeketting op die berg Caucasus
toekyk hoe die bome jou gedagte-wêreld
verbygroei, terwyl die arend aan jou lewer pik?
wanneer rol jy die perkament op,
werp jy jou kleed oor jou skouer
en loop jy die pad van herinnering
agter jou beskilderde woorde aan?
hoe het dit gebeur dat jou moeders
jou skryfsels ten dele binnedring,
as jy diep teug aan half-vergete
"doe-doe baba, mammie sal jou onthou"?

© Splitpen II (Susan Grobler)

Bron: <http://www.woes.co.za/bydrae/gedig/hebban-olla-vogala>